

Offerhandeling op Clifton

<https://www.pressreader.com/south-africa/beeld/20190105>

Onlangs het #FeesMustFall-lede 'n skaap op Clifton se vierde strand geslag. Die ritualistiese toneel waaroor daar berig is, die beelde van die vasgebiede dier voordat dit geslag is, en ook die foto van die vars afgeslagte skaapvel wat oor die reling by die strand hang, het my laat dink aan tonele uit 'n roman van Karel Schoeman. In *Die uur van die engel* uit 1995 tref die leser 'n Griekwa skaapwagtertjie genaamd Danie Steenkamp aan wat in die jaar 1838 skape op 'n klip slag, of 'offer'. Meer nog as net die slag van die skape, die een op Clifton se strand en die in die roman wat in die Suid-Vrystaat afspeel, dink ek het die ooreenkomste tussen die twee kontekste waarbinne beide skaapslag-taferiele voorgekom het, my 'n assosiasie tussen die twee laat maak.

Die gebeure na aanleiding waarvan, en konteks waarbinne, die #FeesMustFall skaap geslag is, is baie kortliks: op Sondag 23 Desember is 'n groep mense, onder andere die provinsiale sekretaris van die ANC Faiez Jacobs, deur die private sekuriteitsmaatskappy Professional Protection Alternatives gevra om die strand te verlaat. Daar is aan hulle gesê dat die strand vanaf 16 Desember om 20:00 sluit en dat hulle 'n munisipale verordening toepas. Hierop is heftig gereageer deurdat diegene wat gevra is om die strand te verlaat die optrede as rassisties gesien het. Verskillende groepe soos die ANC en EFF het op verskeie maniere gereageer, byvoorbeeld deur protesoptogte en om deurnag piekniek daar te hou. #FeesMustFall-lede het op hulle beurt 'n skaap op die strand geslag om die strand van rassistiese geeste te reinig.

Die konteks waarbinne Danie Steenkamp sy skape geslag het in Schoeman se roman, is die stelselmatige verdringing van die Griekwas vanaf die grond waar weiding en watergate vir hul vee was. Soos was die wit boere hulle grensdrade in die eerste dekades van die negentiende eeu gespan het, is die Griekwas uitgesluit en stelselmatig van die land verdryf.

In beide gevalle is die offer gebring teen die agtergrond van verdringing wat 'n vorm van geweld is. Wat die Griekwas aangedoen is, is niks minder as 'n vorm van geweld nie en wat besoekers aan Clifton se vierde strand in Desember aangedoen is, hoort ook in dieselfde kategorie. Waarmee ons op Clifton in die somer van 2018 en in die Vrystaat in die somer van 1838 te make het, is nie alleen geweld nie, maar geweld in samehang met skaapslag as 'n soort offerhandeling. Dit is belangrik om te sien dat slag of offer in sigself ook 'n vorm van geweld. Hierdie offers is gewelddadige handeling wat uitgevoer is teen die agtergrond van die gewelddadige uitsluiting van mense. In kommentaar op sosiale- en ander media is dit betekenisvol om te sien hoeveel mense die daad van die uitsluiting van die mense van die strand afkeur en ook die slag van die skaap op die strand afkeur. Die geweld van die uitsluiting van mense word hier dus begroet met geweld teen 'n hulpelose dier. Van die kommentaar op die internet rakende die slag van die skaap lui: teen die reëls, wreed, barbaars. Miskien moet ons dalk eers in ons uiters diverse land waar soveel kulture saam leef net vir 'n oomblik stilstaan en die gebeure fyner verken.

René Girard se denke kan dalk help in 'n poging om hopelik iets te verstaan van wat hier gebeur. In onder meer sy *Violence and the Sacred* skryf Girard dat samelewings inherent gewelddadig is. Hierdie geweld kan oor tyd opbou en soos 'n dam sy walle oorstrom wat dan 'n absolute ramp afgee. Dit is egter hier waar offers inkom, naamlik dat die geweld wat opbou deur die gebruikmaking van geweld afgelei word deurdat 'n onskuldige (dier) geoffer word. Die offer beskerm dus die hele gemeenskap teen sy eie geweld. 'n Slagoffer buite die gelede van die gemeenskap word gekies, byvoorbeeld die skaap van Clifton, en daardie offer dien om al die interne struwelinge, tweedrag, twis, jaloesie en rusies te onderdruk. Die doel van die offers is om die potensiele golf van geweld te

keer en ook om harmonie in die gemeenskap te herstel en die sosiale vesel te versterk. Hoe erger die situasie rakende geweld in 'n gemeenskap is, hoe kosbaarder moet die slagoffer wees. Volgens Girard speel diesulke offers veral 'n belangrike rol in gemeenskappe waar juridiese sisteme nie optimaal funksioneer nie, alhoewel dit nie daardie sisteme vervang nie.

Natuurlik is hierdie verskynsel baie kompleks en gelaag en open Girard se teorie slegs een klein venstertjie op die saak. Denkers uit ons eie vasteland se gedagtes oor slag en offer moet ook ingetrek word. John Mbiti verduidelik byvoorbeeld dat die balans of ewilibrum wat daar behoort bestaan tussen God, die mens, die ontslape mense wat ons voorgegaan het op aarde en die kosmos, soms ontwrig word. Dit is presies hier waar offers inpas, te wete as 'n poging om die balans weer te herstel. Die uitdruif van slegte geeste waarna van die slagters verwys het, sal pas binne hierdie ideaal van die soek na balans en ewilibrum. Mbiti betrek nie soseer Girard se gedagtes rondom geweld wat geweld keer in sy teorie nie, maar daar is sterk ooreenkomste tussen die twee se sienings. Hierdie gedagtes is ook nie vreemd tot die Christelike tradisie nie, alhoewel 'n mens dalk die punt kan mis deur te goue idees uit die Protestantse en Charismatiese teologie hier nader te hark al sal daar 'n gepaste plek daarvoor gevind kan word. Girard wys byvoorbeeld dat die beste voorbeelde wat sy teorie ondersteun nie uit die Bybel (byvoorbeeld die bok vir Azazel) kom nie, maar uit klassieke tekste en ander bronne van regoor die wêreld.

Ja, die arme skaap en ja, as almal nou op elke strand begin skape slag, dan het ons vir seker probleme. Tog, en ek dink dis belangrik, in die lig van hierdie idees is daardie skaap ook 'n positiewe simbool dat daar mense is wat graag wil sien dat die ewilibrum in ons land en op ons vasteland herstel, dat ons verby polariserende optredes beweeg en besef dat, solank ons in Suid-Afrika woon ons almal deel is van een uiters komplekse en delikate geheel. Danie Steenkamp het hom al hiertoe gewend in die konteks van onteiening en sy skaapwagterstaf het, soos die van Aäron van ouds, gebot en geblom. Daardie (fiksionele) skape in die Suid-Vrystaat en die een op Clifton is ook negatiewe simbole van hope opgekropte woede en geweld. Girard merk tereg op: Wanneer mense nie meer in harmonie saamleef nie, skyn die son en val die reën om die waarheid te sê steeds, maar die landerye is dan nie so goed versorg nie en die oeste is minder oorvloedig. Dus, en met apologie aan die DBV, is ek dankbaar vir daardie skaap wat dalk vir tyd en wyl tussen ons en veel groter probleme gekom het. Hierdie offer op Clifton wys ook dat daar diepliggende probleme in ons land is en dat ons dringend leiers benodig. Ons sal egter moet sien wie dit is wie se staf in 2019 gaan bot om ons met onderskeiding in hierdie komplekse land van ons te lei.

Cas Wepener